

## **BENODIG U VOERTUIG REGISTRASIE OF 'N LISENSIE?**

### **HIER IS 'N HANDIGE KONTROLELYS OM SEKER TE MAAK U HOEF NIE OM TE DRAAI NIE**

Voordat u 'n motorvoertuig by Overstrand Munisipaliteit registreer of lisensieer, gaan deur die kontrolelys hieronder om te verseker dat u al die nodige dokumentasie het.

#### **AANSOEK OM HERNUWING VAN LISENSIE (groen ALV-vorm)**

1. Bring saam:
  - a. Hernuwingskennisgewing
2. Indien hernuwingskennisgewing verlore is, bring saam:
  - a. Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat
  - b. Voltooide ALV-vorm
3. Indien u namens iemand anders aansoek doen, bring bogenoemde asook die volgende saam:
  - a. Toestemmingsbrief
  - b. Aanvaarbare identifikasie is noodsaaklik (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger)
4. Die koste vir hernuwing van lisensies is nie vasgestel nie, aangesien dit van voertuig tot voertuig wissel.

#### **AANSOEK OM REGISTRASIE VAN VOERTUIG (blou RLV-vorm)**

1. Bring saam:
  - a. Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Trustsertifikaat/Verkeersregistrasiesertifikaat
  - b. Gevolmagtigde of verteenwoordiger se ID
  - c. Voltooi afdeling A, B en C
  - d. Oorspronklike registrasiesertifikaat
  - e. Verkoopsooreenkoms OF NCO-vorm – onderteken deur albei partye en elke party se ID (koper en verkoper) plus kwitansie (bewys van betaling)
  - f. Padwaardigheidsertifikaat
2. Indien u namens iemand anders aansoek doen, bring bogenoemde asook die volgende saam:
  - a. Toestemmingsbrief
  - b. Identiteitsdokument

3. Die koste vir registrasie is nie vasgestel nie, aangesien dit van voertuig tot voertuig wissel.

#### **AANSOEK OM VERANDERING VAN EIENAARSKAP (geel NCO-vorm)**

1. Bring saam:
  - a. Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat
  - b. Koper en verkoper se identiteitsdokument
2. Voltooi afdeling A – Verkoper, B – Koper en C – Besonderhede van motorvoertuig
3. Daar is geen koste vir verandering van eienaarskap nie, op voorwaarde dat die lisensie geldig en op datum is.

#### **AANSOEK OM SPESIALE EN TYDELIKE PERMITTE (bruin TSP-vorm)**

1. Bring saam:
  - a. Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat
  - b. Toestemmingsbrief indien nie die eienaar nie, asook identiteitsdokument
  - c. Rede vir permit
  - d. Tydelike permitte – voertuig moet 'n padwaardigheidsertifikaat hê. Handelaars reik permitte vir nuwe motors uit.
2. Koste
  - a. R48 (vir spesiale permit)
  - b. R66 (vir tydelike permit)

#### **AANSOEK OM DUPLIKAAT-REGISTRASIESERTIFIKAAT (pienk DRC-vorm)**

1. Bring saam:
  - a. Identiteitsdokument van titelhouer (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat/Trustsertifikaat
  - b. Aansoek moet persoonlik deur die titelhouer/eksekuteur ingedien word**
2. Koste R165 (vir duplikaat-registrasiesertifikaat)

#### **AANSOEK OM VERKEERSREGISTRASIESERTIFIKAAT**

1. Bring saam:
  - a. Twee ID-foto's
  - b. 'n Geldige paspoort
2. Geen koste betrokke nie.

#### **AANSOEK OM DEREGISTRASIESERTIFIKAAT**

1. Bring saam:
  - a. Identiteitsdokument (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)/Registrasiesertifikaat van die besigheid/Verkeersregistrasiesertifikaat
  - b. Oorspronklike registrasiesertifikaat
  - c. Lisensie moet op datum wees
2. Daar is geen koste vir deregistrasiesertifikate nie, op voorwaarde dat die lisensie geldig en op datum is.

#### **AANSOEK OM BESIGHEIDSREGISTRASIESERTIFIKAAT**

1. Bring saam:
  - a. CK-dokumente/Cipro-dokumente/BK-dokumente
  - b. Identiteitsdokument van gevolmagtigde of verteenwoordiger
  - c. Brief op briefhoof van besigheid wat gevolmagtigde of verteenwoordiger benoem
  - d. Bewys van besigheidsadres
  - e. Voltooide ABR-vorm
2. Geen koste betrokke nie.

#### **AANSOEK OM VERANDERING VAN ADRES (pienk NCP-vorm)**

1. Aanvaarbare identifikasie is noodsaaklik (insluitend dié van die gevolmagtigde of verteenwoordiger, indien van toepassing)
2. Bewys van woonadres/huurooreenkoms
3. Indien in die besigheid se naam, besigheidsdokumente en bewys van adres in die besigheid se naam
4. Geen koste betrokke nie.

**Betaling kan in kontant, deur EFT, per tjek of kredietkaart geskied.**

**Bankbesonderhede vir elektroniese betalings:**

**Bank:** ABSA

**Naam van rekening:** Overstrand Munisipaliteit

**Rekeningnommer:** 322 000 0035

**Takkode:** 632005

**Verwysing:** Lisensienommer van voertuig

**Faks bewys van betaling** na 028 313 8916

**Overstrand Munisipaliteit is in Magnoliastraat, Hermanus geleë.**

**Kantoorure:** Maandag tot Vrydag: 08:00 – 15:15 (oop gedurende middagete-uur)